

Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
Faks (041) 3652586
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045

'n Blink toekoms begin hier!

NUUSBRIEF 25
6 AUGUSTUS 2021

UIT DIE KANTOOR

Goeie dag Ouers

OUERBESOEKE : 10 AUGUSTUS 2021
U het reeds aangedui hoe laat u die klasonderwyser/es, Dinsdag, 10 Augustus wil sien. Die bevestigings van die tye vir die afsprake is reeds aan u teruggestuur. Onthou asseblief om die belangrike geleentheid by te woon.

Dit is van uiterste belang dat u van die geleentheid gebruik maak om probleemareas met betrokke onderwyser/es aan te spreek. Enige ander ouer is meer as welkom om ons te kom spreek as daar iets is wat pla of as u sommer net vir die personeel vir hulle harde werk wil dankie sê.

TOETSREEKS : DERDE KWARTAAL
Hierdie kwartaal se amptelike toetsdatums is versprei oor die hele kwartaal om die leerlinge genoeg tyd te gee om deeglik te kan voorberei. Daar sal ook informele toetse en take gedurende die kwartaal voltooi word. Dit sal sorg dat ons genoeg asseseringspunte het van leerlinge indien hulle 'n toets mis as gevolg van siekte. Die toetsdatums word vandag op die D6 geplaas.

AFLAAI EN OPLAAI VAN LEERLINGE VOOR EN NA SKOOL
Ons wil 'n dringende versoek aan al ons ouers rig om soggens net u kind af te laai en te ry en nie voor die skool te parkeer nie. Al die graad 1- tot 7-leerlinge gaan by een hek in en dit skep groot verkeersprobleme as u voor skool voor die hoofhek parkeer om eers met mekaar te gesels. Kom ook asseblief alle verkeersreëls na. Dit het onder ons aandag gekom dat motoriste (ouers) teen die verkeer parkeer wanneer hulle hul kinders by die skool kom aflaai, met ander woorde hulle stop aan die "verkeerde" kant van die pad. Dit is 'n verkeersoortreding en ons doen 'n beroep op ouers om korrek te parkeer.

LAATKOM VAN KINDERS
Ons doen 'n beroep op u as ouers om te sorg dat u kind(ers) betyds by die skool is. Die afgelope ruk was daar baie kinders laat vir skool. Die skool begin stiptelik om 07:45. As daar een lewensles is wat baie belangrik vir kinders is om te leer, is dit om altyd betyds te wees vir afsprake.

Leerders wat soggens laat kom plaas geweldige druk op akademiese vordering. Die onderwysdepartement begin vrae vra oor leerders wat laat kom. Hulle kan dit op die stelsel sien, aangesien die skanderingsprosesse en teenwoordigheidsregisters daagliks en direk aan die departement deurgestuur word. Indien u kind in die toekoms laat is, sal ons ongelukkig op hul kommunikasiekaarte vir hulle inskrywings moet gee.

BESOEKERS
Volgens wetgewing mag skole geen besoekers gedurende die dag ontvang nie. Met ‘n bekommerde hart wil ons vir u as ouers vra om deeglike beplanning te doen. Daar is te veel ouers en besoekers wat gedurende die skooldag leerders se kospakkies en take by die kantoor kom afgee. Dit gaan nie meer toegelaat word nie. U moet toesien dat u kind sy/haar benodighede soggens skool toe saambring. Ons leerders se veiligheid en gesondheid is van uiterse belang, dus vra ons u samewerking in die verband.

MCNEWTONPARK SOSATIE-SENSASIE + RAISIN LEGENDS FONDSINSAMELINGS
Baie dankie aan elke ouer se ondersteuning met beide hierdie fondsinsamelings tot dusver.
Ons bevestig graag die nuwe bestel- en betaaldatums hieronder:

- Sosaties finale betaaldatum : Vrydag, 6 Augustus vir afhaal op Woensdag, 11 Augustus
- Raisin Legends bestel- en betaaldatum : Donderdag, 12 Augustus. Bestelling word dan 14 Augustus geplaas en Vrydag, 20 Augustus sal die afhaaldatum wees.

SKOOLKOMMUNIKEERDER
Ons herinner u dat hierdie elektroniese program **ons hoofmedium van kommunikasie met u is**.

Om die program gratis op u rekenaar af te laai, moet u net D6 by die Google soekfunksie intik, en die “D6 School Communicator” kan dan afgelaai word. Hierdie program verskyn elke oggend op u rekenaar se skerm en u kan dan sien watter boodskappe uitgestuur is en ook wat op die kalender gaan plaasvind.

Die program sal ook gebruik word om dringende boodskappe aan u te stuur. In so ’n geval verskyn daar onmiddellik ‘n kennisgewing op u skerm. Die program kan bestuur word sodat u slegs inligting ontvang wat op u van toepassing is.

Die kommunikeerder kan as ’n toepassing op u androidfoon afgelaai word. Dit werk baie goed en boodskappe en inligting van die skool is dan altyd byderhand.

SKOOLGELDE 2021
Baie dankie aan al die ouers wat so gereeld hul skoolgelde betaal. Ek wil tog ‘n vriendelike beroep doen op diegene wat agterstallig is, om die verpligting wat u kind se skoolgelde betref na te kom. Die skool is verantwoordelik vir sy eie rekeninge, want ons kry **minimale** hulp van die

staat. Indien daar nie deur ouers gereageer word deur hul skoolgelde te betaal nie, sal die beheerliggaam genoodsaak wees om verdere stappe te neem. Die betaling van skoolgelde is ‘n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

Die volgende wyses van betaling is beskikbaar: maandelikse debietorder oor 10 of 11 maande. (Januarie/Februarie – November en is opbetaalbaar voor/op 30 November 2021. ‘n Debietorder kan slegs op ‘n tjek-/spaar-/transmissierekening ingestel word.) U mag ook die skoolgelde EFT. Indien u kontant wil betaal kan u by Mev. Laas of verkieslik direk in ons bankrekening betaal.
Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf, en u bewys van betaling aan fin@lnpark.co.za e-pos.

Alle graad R-gelde is maandeliks vooruitbetaalbaar en nasorggelde is kwartaalliks streng vooruitbetaalbaar. Geen verligting word ten opsigte van hierdie dienste toegestaan nie, aangesien hierdie aktiwiteite deel van die skool se vrywillige program is.

ELEKTRONIESE BETALINGS

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

GEDAGTE VIR DIE WEEK

SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR <u>VOLGENDE WEEK</u>:
Die volgende **datums moet u asseblief op u kalender aanteken:**

Ma – 9 Augustus	:	**VROUEDAG – OPENBARE VAKANSIEDAG**
Di – 10 Augustus	:	**Skoolbywoning : Groep A + B** **OUERAAND : 14:45 – 18:30**
Wo – 11 Augustus	:	**Skoolbywoning : Groep A + B** **TOETS: Engels Graad 4 – 7** Klerewinkel **12:00-14:30** **Sosatie-bestellings afhaal**
Do – 12 Augustus	:	**Skoolbywoning : Groep A + B** Finansiële komitee vergadering **17:00**
Vr – 13 Augustus	:	**Skoolbywoning : Groep A + B** Klerewinkel **07:30-12:00**